Pitkos

10 Augustus 2016

Braam Krüger

Teksgedeelte: Hd 2: 37 – 47; Dt 6: 1 – 9

Teksvers: Hd 2: 37; Dt 6: 5

Tema: Ek wil groei in my geloof, Here!

'n Dissipel van Jesus het voortdurend behoefte aan geestelike groei. Mens kan dit dalk vergelyk met 'n onmondige kind wat tog so graag 18 of 21 wil wees. Hy kan sy bestuurslisensie kry, sy kan haar eie rekeninge oopmaak, of wat hulle ook al graag wil doen. Mondigheid bring "vryheid" net soos geloofsgroei vryheid in Christus bring. [Ja, natuurlik is dit nie so eenvoudig nie, maar sien die konsep raak J].

Drie ervarings van my persoonlik oor die afgelope weke het hierdie noodsaak tot geloofsgroei kom herbeklemtoon:

1. Strategiese Diensgroep se besinning oor geloofsgroei in die GK Benon

Die Satan het allerlei strategieë waarop hy ons wil wegvat van 'n groeiende verhouding met God. Een daarvan is dat hy die mens oortuig dat die kerk op sigself 'n doel is. Dus, om kerk toe te kom en daar gesien te word is genoegsame godsdiens. Maar, al is die kerk (erediens en alle betrokkenheid by die gemeente) hóé belangrik, dit kan nooit 'n persoonlike verhouding met

God vervang nie. Die kerk is instrument om daardie verhouding te help verdiep, maar méér doen, méér betrokke op sigself is nie ‘n verhouding nie. Maar as mens dissipel van Jesus is, dan vind jy vreugde en vrede in onder andere jou kerklike meelewing.

Daarom is dissipelskap so belangrik. Dissipelskap is die uitlééf van die belydenis wat jy met jou mond doen. Dit is deel van iets wat in jou hart leef. En dit plaas jou op die Weg. God se weg, sy pad! Daar is net een toegang tot God se Weg: Die smal/nou poort. Dit is nou nie omdat jy so hard moet probeer om daardeur te gaan nie, maar omdat daar net een plek is waar die poort gevind word: By Jesus. Hy is die Poort, Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Maak jy voortdurend seker dat jy op die dissipelskapspad loop? Want dan groei jy in Christusgelykvormigheid.

2. Lesing van ds Johan Fleischman by Nasionale GTV

Eksegese van Dt 6: 1 – 11 en Hd 2: 37 – 47 wys hoe ‘n gebalanseerde dissipelskapslewe lyk (met volle erkenning aan ds Johan Fleischmann, GK Kaapstad). ‘n Dissipel leef in ‘n verhouding met God, sy naaste (medegelowiges) en met buitestanders (ongelowiges). Hierdie verhouding word sigbaar in ‘n geïntegreerde lewe, waar hart (denke), siel (emosies) en krag (dade) byeenkom. ‘n Dissipel dink na oor God, hy raak emosioneel betrokke ny God en hy doén goed vir God. Net so is jy (veronderstel om) betrokke te wees by medegelowiges – dink na oor hulle plek in jou lewe jy voel vir hulle (1 Jh 3: 17) en jy doen vir hulle. En, so ook met buitestanders, hulle wat “nie my soort” is nie. Hierdie is vergestalting van die liefde (Jh 13: 34/5). Groeiende dissipelskap bring méér hiervan in die gelowige se lewe te weeg!

Maar die ideaal is dalk ver van die werklikheid af! Ons dink dikwels baie oor God, maar minder oor ons naaste en ongelowiges. Ons voel dalk nie baie emosioneel oor God nie, maar nog minder oor ons geloofsgenote en heidene. En hoeveel doen ons vir God, hoeveel doen ons vir medegelowiges en vir verlorenes?

3. Bruce Wilkenson se drie stoele (raakgesien op my rekenaar)

Bruce Wilkenson het nav Rigters gepraat oor die drie stoele waarop mens kan sit. Die slawestoel, waar God Koning is van jou lewe. Die gemakstoel waar jy nie meer in ‘n besondere verhouding met God staan nie en die koningstoel – waarop die mens self as koning sit. Dit is opvallend hoe elkeen van hierdie groepe met sonde omgaan. Die persoon in die slawestoel het berou daaroor, bely dit en verander. Die persoon in die gemakstoel is blasé daaroor – ek is nou maar so. Vat my of los dit. My sonde is nie so ernstige saak nie. En die mens wat koning in sy eie lewe is, sê: Watter sonde? Wat is sonde? Ek is aan niemand

verantwoording verskuldig nie (en daar is selfs in die kerk sulke mense!). Groeiende dissipelskap vra dat jy telkens seker maak op watter stoel jy sit! Want mens kan selfs in jou eie lewenstryd heen en weer rits!



Op die ou einde is daar net een oplossing! Jesus Christus. Ons vlug ná Hom toe, en uit sy krag leef ons as dissipels.

Dit is die doelwit van die GK Benoni, dat mense ons sal eien as dissipels, en sáám met ons God se pad wil bewandel ([23]So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.” (Sag 8: 23)).